**Me.Ek** *gekureer deur/curated by Elfriede Dreyer*

a main KKNK exhibition at/ 'n Hoof KKNK uitstalling
PRINCE VINCENT GEBOU Eerste vloer, H/v Baron van Rheede & Kerk strate, Oudtshoorn





## MEDIAVRYSTELLING

Die titel van die uitstalling, *Me.Ek*, is geïnspireer deur die belangrike rol wat die sosiale media vandag in ons lewens speel. Facebook, Twitter, me.com en ander tuistes is gesentreer rondom die eie ek: ek en my vriende, belangstellings, gebeurlikhede, konneksies, vreugdes en rampe. Dit is ironies dat die Engelse woord 'site' juis met 'tuiste' vertaal word - 'n aanduiding dat hierdie elektroniese omgewings 'n nuwe 'tuiste' vir baie mense geword het. Hierdie toedrag van sake word gereflekteer in kontemporêre kuns reg oor die wêreld waar daar 'n opsigtelike soeke na identiteit en 'n toenemende sin vir selfondersoek waarneembaar is. Die uitstalling *Me.Ek reflekteer sodanige soeke na en verstaan van identiteit in werke in verskillende media soos skilder, beeldhou, teken, video, gevonde materiaal, gemengde media en grafiese kuns.* In vele van die werke dra die keuse van materiaal tot die uitbeelding van identiteit by. *Die geselekteerde kunstenaars vir die uitstalling is* Johan Thom, Senzeni Marasela, Lionel Smit, Rozan Cochrane, Jayne Crawshay-Hall, St John Fuller, Aidon Westcott, Marlise Keith, Johann Moolman, Nellien Brewer, Guy du Toit, Amita Makan, Titus Matiyane, Chris Diedericks, Daandrey Steyn, Rae Goosen en Colleen Ross. Verskeie van dié kunstenaars se werk is in publieke versamelings opgeneem, is internasionaal uitgestal en het merietetoekennings gewen.

*Me.Ek* is gekureer deur Elfriede Dreyer, professor in Beeldende Kunste aan die Universiteit van Pretoria asook medestigter en kurator van Fried Contemporary Kunsgalery & Studio in Pretoria. Elfriede het in Suid-Afrika en Nederland haar studies voltooi en sy is konseptueel gemoeid met utopie/distopie diskoerse, tegnologisering en Afrika modernisme.

-----------------------------------------------------

The title of the exhibition, *Me.Ek*, has sbeen inspired by the important role that the social media are occupying in our lives today. Facebook, Twitter, me.com and other sites are centred around the own self: me and my friends, interests, events, connections, joys and disasters. This situation is reflected in contemporary art today all over the world where there is a visible search for identity and an increasing sense of self-reflexivity. The exhibition *Me.Ek* reflects such investigation and understanding of identity in works in different media such as painting, drawing, sculpture, video, found materials and graphic art. In many of the works, the choice of material adds to the rendering of identity. The selected artists are Johan Thom, Senzeni Marasela, Lionel Smit, Rozan Cochrane, Jayne Crawshay-Hall, St John Fuller, Aidon Westcott, Marlise Keith, Johan Moolman, Nellien Brewer, Guy du Toit, Amita Makan, Titus Matiyane, Chris Diedericks, Daandrey Steyn, Rae Goosen and Colleen Ross. Several of these artists' works have been taken up in public collections, have been shown internationally and have won merit awards.

*Me.Ek* is curated by Elfriede Dreyer, professor in Fine Arts at the University of Pretoria and co-founder and curator of Fried Contemporary Art Gallery & Studio in Pretoria. Elfriede completed her studies in South Africa and Netherlands and is conceptually engaged with utopia/dystopia discourses, technologisation and African modernism.




















